



## Het die mens geëvolueer?

# EVOLUSIE: Feit of Fiksie?




**Ek glo mens moet al die feite en bewyse noukeurig ondersoek voor mens tot 'n slotsom oor die vraagstuk van evolusie kan kom.**

**Ek vra die leser net een ding... bekyk die feite deeglik en sonder vooroordeel.**





## In die begin: Gods Woord... of die Oerknal? Kies self! 1



**Charles Robert Darwin** (1809-1882) was 'n Viktoriaanse natuurkundige, geoloog en bioloog. Hy is aan die Universiteit van Cambridge opgelei, en is veral bekend vir sy baie invloedryke maar al hoe minder geloofwaardige evolusieteorie.

Sy boek *On the Origin of Species by means of Natural Selection* word allerweë beskou as die vernaamste werk oor biologie wat tot nog toe geskryf is. Nog een van sy boeke oor dié teorieë is *The Descent of Man.*

## Is die antwoord eenvoudig, is God aan die woord!

**Albert Einstein, die voorste fisikus van die 20e eeu.**

Dis onbillik en onredelik dat baie academici weier om die skepping te oorweeg as die oorsprong van alles wat bestaan. Die 'gewone sterfling' word gebreinspoel sonder om 'n ewewigtige blik op die feie gegun te word. **Ons kan dit regstel deur bietjie na albei kante van die saak te kyk.**

***Ten eerste: Kom ons ondersoek die onderskeie aansprake...***

KREASIONISTE glo alle lewe en die mens se bestaan is te danke aan die dade van 'n skepper.

EVOLUSIONISTE beweer alle lewe het geleidelik uit 'n enkele sel ontwikkel, wat op sy beurt uit dooie materie onstaan het.





Volgens die evolusioniste sou dit 100 miljoen jaar kos vir 'n vis om uit 'n ongewerwelde dier te ontwikkel.

Om dit te bewys, moet die evolusionis fossiele vind wat die stelselmatige ontwikkeling van lae lewensvorme in hoëres aantoon. Die fossielrekord behoort dus 'n konsekwente reeks oorgangsvorme te bevat, wat glad nie die geval is nie. Die skakels tussen ongewerwelde en gewerwelde diere ontbreek eenvoudig.



Die getuienis wat nodig is om SKEPPING te bewys, is fossiele wat aantoon dat komplekse lewe meteens ontstaan het... sonder 'n voorafgaande ketting van tussengangerfossiele van eenvoudige lewensvorme wat in ingewikkelder vorme ontwikkel het. Nêrens op aarde is 'n onbetwisbare oorgangsfossiel ontdek nie. Trouens, miljarde hoogs komplekse diere, trilobiete, brachiopoda, korale, wurms, jellievisse, ens., kom net ewe skielik voor.

**Volgens die evolusioniste sou dit anderhalf miljard jaar geneem het vir sulke diere om te ontwikkel.**




Grafiek: Dr Duane T Gish: *Have you been Brainwashed?*




Markus 10:6 sê: "Maar van die begin af, van die skepping af, het God hulle man en vrou gemaak."

Hierdie teks toon Jesus het duidelik geleer dat die skepping jonk is, want Adam en Eva het 'van die begin af' bestaan, en nie eers miljarde nadat die aarde en die heelal ontstaan het nie!

**Die bewys is God se Woord.**




Ek wil nou nie met julle ouens stry nie, maar ons moet wetenskapliker te werk gaan. Ek gaan kerk toe, maar in alle erns, hoe kan ons glo God het honderde miljoene jare se geskiedenis in net ses dae geskep?

As 'n kerkganger glo jy tog sekerlik in Jesus se wonderwerke, nie waar nie? Daar was immers baie wonderwerke en baie getuies! Dan onthou jy seker Jesus het water in wyn verander by Kana in Galilea, maar het jy ooit regtig gewonder oor wat daar gebeur het?

Jesus het die wyn in 'n ommesientjie geskep, wat beteken die ganse siklus van wingerd na druif na oes na uittrap het in 'n oogwink gebeur.

**Met ander woorde, 'n hele geskiedenis is in 'n oomblik van tyd geskep!**




Albert Einstein, een van die grootste fisici van alle tye, het in God geglo en gesê die natuurwette onthul die geaardheid van God. 'n Beroemde gesegde van hom was: "God dobbel nie met die heelal nie."



Soos jy kan sien, voer ek aan dat die die skepping in ses dae volbring is. Die sewende dag volg logies hierop, synde die dag van rus, soos sowel die Ou as die Nuwe Testament dit hoevele male noem.

**Ek is seker jy stem nou al saam met hierdie Bybelse waarheid.**








**Hier is drie berugte voorbeelde waar wetenskaplikes bedrog gepleeg het om Darwin se teorie te probeer staaf.**

### Piltdown-mens, Februarie 1912


Na meer as 100 jaar is daar steeds iets raaiselagtigs omtrent een van die ergste wetenskaplike slenters. Toe die Piltdown-mens in 1912 in 'n gruisput naby die dorpie Piltdown in Oos-Sussex, Engeland, 'ontdek' is, is dit besing as 'n soge-



naamde 'vermiste skakel'. Die vonds het die publiek se verbeelding aangegryp en wêreldberoemd geword. Al probleem is dat dit 'n vet liegstorie was. Die kastige fossiele was in der waarheid moderne mensbene met 'n oerang-oetang se kaak. **'n Leuenagtige poging om te probeer bewys die mens stam van 'n aap af!**

### Die Neanderthal-skandaal

In die 1970's het Reiner Protsch von Zieten, 'n antropologieprofessor, die wetenskaplike wêreld op hol gehad met sy 'ontdekking' van fos-



siele van 'n hominied wat dan die skakel tussen die mens en Neanderthal sou wees. Die probleem is net dat hy toe al meer as 30 jaar lank wetenskaplike feite oor Neandertal vervals en bekonkel het. In die *WorldNetDaily* se uitgawe van 19 Februarie 2005 kom die waarheid toe op die lappe. Prof. Protsch het beweer 'n vroulike geraamte was 21 300 jaar oud en 'n skedel uit Duitsland 27 400 jaar. **Dit blyk toe later die beendere was onderskeidelik 3 300 en 260 jaar oud.**

### Verdwyning van Peking-mens

Toe Japan China in 1937 binnegeval het, het wetenskaplikes besluit om die beendere van die Peking-mens *(homo erectus)* veiligheidshalwe te versteek.

In 1941 was Japan besig om die oorlog in die Stille Oseaan te wen en die Chinese en Amerikaanse wetenskaplikes besluit om die fossiele eerder na die Verenigde State te stuur. Ongelukkig is die bene toe skoonveld.

Wat van die fossiele, wat as belangrike bewys van evolusionêre skakeling beskou word, geword het, is steeds 'n raaisel. Die Chinese pak die skuld op die Amerikaners en die Amerikaners verkwalik die Japannese.

'n Chinese professor het aan die New York Times gesê: "Ek dink die Japannese het die bokse oopgemaak en toe hulle net ou bene sien, smyt hulle dit weg."

**Bedrog ewe gerieflik verdoesel?**

**Evolusie probeer wys** die mens en oerape se voorsate is verwant.

Daar is egter geen werklike bewys dat die mens, soos ons onsself vandag ken, meer as 6 000 jaar gelede, toe die Bybelse geskiedenis begin het, bestaan het nie. Die mens is aan geen voorgangers verwant nie, wat is waarom bedrieërs met beendere konkel om vermiste skakels te 'vind'. Die waarheid is - daar bestaan nie so 'n skakel nie.

**Glo eerder wat die Bybel sê!**




**Spreuke 3:5-6 sê:** "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."

Evolusieteorie wil Bybelse waarheid verkeerd bewys. Maar onthou wat Einstein sê: "Is die antwoord eenvoudig, is God aan die woord." Ek sê dus God het die geskiedenis en die ganse wêreld in ses dae geskep, nes die Bybel sê. **Die Bybel is die waarheid; evolusie is net 'n teorie.**







## 'n Laaste woord...

**Dié bladjie raak die geestelike, metaforiese en feitelike aspekte van evolusie aan. Sulke besprekings is altyd óf 'n geleentheid om te vorder, óf 'n hindernis op jou pad vorentoe.**

**Kies self!**



Kontak :

**Pieter Gey van Pittius**

Whatsapp +277 809 3995

e-pos: gvp.pieter@gmail.com

Bladjie © George Ross